Bundukampe

Laerskool Vastrap, Laerskool Rustenburg en Laerskool Protea Park het almal saam 2016 se Bundukamp geniet.
Ons was veral trots op Laerskool Protea Park wat hul persoonlike rekord hoeveelheid leerders op die kamp gehad het!! Wel gedaan Parkies!

Kloof View Primary, Meridian Collage en Laerskool Rustenburg Noord het vir ‘n opwindende engelse Bundukamp gesorg. Selfs na ‘n donderstorm en krag onderbreeking was die kinders se gees en gemoed hoog.
Ons leerders was bevoorreg om elkeen ‘n bybel te ontvang op die Bundu Kamp. Ons sê baie dankie vir Mari Nieman wat dit vir ons moontlik gemaak het. Om Die Here se word te versprei is altyd ‘n vreugde.
Die Bundukamp bywoone het weereens ons verwagtinge oortref.

'n Kwartaal sonder krag!!!

Noordwes Landsdiens
North West Land Service

Nuusbrief 1
2016
Kwartaal 1
13 Januarie – 18 Maart

Volwasse opleiding

Alle volwassenes in die Noordwes word genooi na die algemene jaarvergadering in Januarie -'n inligtingsessie en opleidingsessie

Die volwassenes kry sommer ook handvaardigheidsopleiding en idee-sessie.

Studente opleiding

Die Universiteit van Potchefstroom se onderwys student word deur die Noordwes span opgelei in Landsdiens en ontvang ook 'n sertifikaat na die dag.

"Rocket-Camp"

3 Engelse Laerskole van Rustenburg - Kloof View Primary, Meridian Collage en Rutanang Primary – het hul "Rocket Camp", waar hul die Landsdiens jaar afskop, by Kloof View Primary gehou. Vir die eerste keer het die kamp bietjie kragte loos verloop na die krag vir 6 ure af was!

Vuur pyl kamp

Die Afrikaanse Laerskole van Rustenburg NW het hul jaarlikse afskop kamp by Laerskool Rustenburg gehou. Daar was nie minder as 400 leerders by die kamp!!

Avontuur stap

Die Hoërskool leerders het die jaar begin met hul avontuurlustige Avontuur stap. Hulle het oornag in die bos van die Kgaswane Natuur Reservaat in Rustenburg.

KVP Junior Landsdiens

Ons Junior Landsdieners (Gr. 1-3) van Kloof View Primary het die jaar begin by 'Funkey Monkey' net buite Rustenburg. Hulle het lekker gespeel en hope prêt in die swembad gehad. Ons hoop ons sien 'n toekomstige springbokkie daar rond swem!

Valenteinsdagshandvaardigheid

Protea Park Laerskool maak mooi kaartjies vir hul valentein.

Meridian Collage het "A pinch of love" vesprei.

ROR

Na vele jare se skoonmaak van die riviere in Rustenburg kry die Landsdieners uit eindelik erkenning vir hul toegewyde en harde werk. Die plaaslike koerant, RTB Herald, het aandag gegee na ons Laerskool en Hoërskool leerders die spruit langs die gewilde Garden Pavillion gaan skoonmaak het.